**Botes, N**

Nico Botes verwerf die graad B.Arch (Cum Laude) aan UP in 1993 met 'n skripsie getiteld "Hoofkantoor vir die Nasionale Kultuurhistoriese Museum". Hy verteenwoordig die Argitektuurskool in dieselfde jaar by die Nasionale Corobrick Studentekompetisie.

Hy is tans werksaam by Schalk le Roux Uys Kruger Argitekte waar hy tussen 1989 en 1993 samesteller van drie publikasies was.

**Britz, B J**

Barend Johannes (Bannie) Britz behaal die B.Arch graad te UP in 1960. Hy behaal die graad M.Arch (Stedelike Ontwerp) te WITS met onderskeiding.

Hy werk as assistent in die volgende kantore: P le Roux, Stellenbosch (1960); GH Winkler, München (1961); Siemenskantoor van H Maurer (1962); Tayler Woodrow Argitekte, Londen onder T Crosby, Archigram (1963); Leonard Manassch & Partners, London (1964); assistent en later gennoot in Vennootskap Jan van Wijk, Pretoria (1964-8).

Stig sy eie praktyk in Pretoria in 1968, en skuif die praktyk na Johannesburg in 1970, waar hy tot 1977 praktiseer. Hy doen verskeie projekte met WO Meyer & Vennote.

Hy is deeltyds verbonde aan WITS tussen 1974-6, en tree in vennootskap met M Scholes as Bannie Britz & Michael Scholes in 1977-87, waarna S Abramowitch aansluit in 1988-90 as Britz Scholes Abramowitch.

Vanaf 1988 tot huidig is hy professionele raadgewer vir die Ontwikkelingsbank vir Suider Afrika. Tussen 1990-91 brei die kantoor uit tot Britz Scholes Abramowitch du Toit Hoffe.

Vanaf 1992 tot huidiglik is hy Profesor en Hoof van die Departement Argitektuur te UOVS, en prinsipaal van die praktyk Bannie Britz Argitek en Stedelike Ontwerper.

Prof Britz se praktyk(e) het toekennings ontvang vir die volgende geboue:
- 1972-huidiglik: 15 toekennings vir geboue en een vir stedelike ontwerp deur die ISAA
- 1992: Fulton Toekenning vir die Parlementsgebou, Mmabatho
- 1992: Erepenning vir Argitektuur van die Akademie vir Wetenskap en Kuns

Hy is, onder meer, outeur van verskeie publikasies, het verskeie lesings aan talle instansies gelewer, was gereeld eksterne eksaminator aan meeste van die Argitektuurskole in die land, was lid van die SA Raad van Argitekte se inspeksiekomitee en assessor vir Architecture SA se projektetoekennings-program.

**Bryan, L D**

Matriculated from Pretoria Boys' High school in 1967.
Trained as an Executive Officer in the South African Navy in 1968 - 1969.

1970 - Registered to study Architecture at Pretoria University in 1970 and received Bachelor of Architecture degree (Cum Laude) in 1975.

1974 - 1975 was employed as a post graduate research officer at Pretoria University. A member of the "Project Po" team working with Allan Konya.

1976 - 1979 completed state bursary commitments by working for the Department of Community Development doing low-cost housing, housing and community centre projects.

1980 - Started in private practice as "LLEW BRYAN ARCHITECT". By August of that year was joined by Jon Mehl and formed "LLEW BRYAN JON MEHL" architects which continued to 1989. During this time the practice concentrated its efforts in institutional type work and won recognition through an award of Merit in 1984 and winning the Founders Monument Competition in Cape Town (project only).